

24 April

Skrifgedeelte: Johannes 20:19-25

Fokusgedeelte: Johannes 20:21

Christus se opdragte aan sy kerk

As die opgestane Here aan sy bang dissipels verskyn, doen en sê Hy die allernoodsaaklikste dinge. Dit wat Hy doen en sê, is vir ons net so noodsaaklik om te weet:

- Hy seën hulle: “Vrede vir julle!” Hulle is in ’n gevaarlike en vyandige wêreld, maar Jesus is by hulle. Daarom kan hulle hulle angs opsyskuif en sy vrede ervaar. Ons hoor elke Sondag van Hom: “Genade vir julle en vrede ...”
- Hy wys hulle sy hande en sy sy en verseker hulle dat Hy liggaamlik opgestaan het. Onthou, jou Here leef!
- Hy gee aan sy kerk ’n Groot Opdrag: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.” Hy is die Gestuurde en ons word net soos Hy gestuurdes! Gebind aan die wil en die Woord van die Vader, moet ons doen wat Hy vra!
- Maar ons kan dit nie in eie krag doen nie. Daarom blaas Hy oor die dissipels en sê: “Ontvang die Heilige Gees!” Ook ons kan ons opdrag slegs deur die krag van die Heilige Gees uitvoer.
- Hy gee in ons hand die sleutels van die hemelryk: “As julle vir die mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie.” Kyk hiervoor Heidelbergse Kategismus, So. 31:83, 84.

Is u hiermee besig met die sekerheid dat Hy leef, in sy krag en met sy vrede in u hart?

Sing: Skrifberyming 19-1

Ds. Chris Hattingh (Randburg)